

2. Jesus se doop en versoeking

Matteus 3:13-4:11

VERWELKOMING:

5 MIN

YSBREKER:

20 MIN

- Vertel vir mekaar van julle of julle kinders se doop en wat dit vir jou beteken het.
- Wat is die goed in die lewe waarvoor jy net nie “NEE!” kan sê nie?

AANBIDDING:

5 MIN

Maak julle oë toe en laat iemand Psalm 99:1-6 vir julle voorlees. Bly dan vir 1 minuut in stilgebed en beleef God.

Die Here regeer: die volke erken bewend sy gesag. Hy troon oor die gerubs: die aarde sidder van ontsag. 2 Groot is die Here, Hy wat in Sion is, hoog verhewe bo al die volke. 3 Hulle moet u groot en gevreesde Naam prys: “U is heilig!” 4 U is die magtige Koning, U het die reg lief; wat reg is, het U tot stand gebring. U het reg en geregtigheid in Jakob gevestig. 5 Prys die Here ons God. Kom buig in aanbidding voor Hom: Hy is heilig!

BYBELSTUDIE:

35 MIN

Lees Matteus 3:13-4:11. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- Waarom het Jesus, wat sonder sonde was, na Johannes toe gekom om gedoop te word? Wat beteken vers 15: *“Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul.”* (1933/53 vertaling)
- Matteus beskryf Jesus se doop as die begin van sy openbare bediening. Wanneer begin ons openbare bediening?
- Hoekom lei die Gees Jesus na die woestyn toe om versoek te word (4:1)?
- Die duivel versoek Jesus 3 keer:

DIE VERSOEKINGS

Versoeking	Werklike behoeftes waarop dit gegrond is	Moontlike twyfel wat versoeking kon versterk	Potensiële swakheid wat Satan wou uitbuit	Jesus se antwoord
Eerste versoeking:Maak brood	Liggaamlike behoefte: honger	Sou God voedsel voorsien?	Honger, ongeduld en die behoefte om te bewys dat Hy die Seun van God is	“’n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom” (vgl Deut 8:3) ’n Mens het nie net fisiese behoeftes nie

				maar ook geestelike behoeftes. God voorsien in alle behoeftes.
Tweede versoeking:Daag God uit om U te red (gegrond op 'n verkeerde interpretasie van Psalm 91:11-12)	Emosionele behoefte: sekuriteit	Sou God beskerm?	Hoogmoed, onsekerheid, die drang om God te toets	“Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie” (vgl Deut 6:16) Indien jy God vertrou, sal jy Hom nie hoef te beproef net om vas te stel of dit waar is nie.
Derde versoeking:Aanbid my! (Satan)	Geestelike behoefte: belangrikheid, mag, prestasie	Sou God lei?	Die drang om vinnig mag in die hande te kry, maklike oplossings te vind, en te bewys dat Hy aan God gelyk was	Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien (Deut 6:13 vry aangehaal). Daar is slegs een God wat waardig is om aanbid te word.

- Hoe gebruik die duiwel liggaamlike behoeftes vandag as versoekings?
- Watter emosionele behoeftes buit die duiwel uit?
- Watter geestelike behoeftes lei vandag tot versoekings?
- Hoe kan ons staande bly in al hierdie versoekings?
- Wat het jou al gehelp om staande te bly in versoekings?
- Wanneer is jy op jou swakste vir versoekings?

GETUIG:

5 MIN

Om te getuig is nie om 'n lesing te gee of om iemand te probeer oorreed nie. Dis eenvoudig om te vertel hoe God in jou lewe werk. Watter getuienisse het julle vandag van mekaar gehoor?

DIENSWERK:

5 MIN

Verlede keer het julle gepraat oor julle mekaar kan dien. Bespreek dit verder en besluit op praktiese aksies.

GEBEDSRIGLYN:

10 MIN

Lofprysing is om God te loof vir wie Hy is. Hoe kan ons dit deel van elke gebed maak? Waarvoor kan julle God loof? Bid saam deurdat elkeen die volgende sin voltooi as sy/haar gebed:

“Here, ek loof U

ADMINISTRASIE:

5 MIN

